# menlo-insig

28/2022

## LIEWE MENLO

Daar is bykans 350 uur in 53 skooldae – die duur van die derde kwartaal. Op Menlo-bodem is hierdie tyd met nagenoeg negentig kwartaaltoetse, 'n handvol Fast5-netbaltoernooie, 'n oktaaf kooroptredes, 'n gros revue-kompetisies, 'n ketting fietsrybyeenkomste, 'n salvo gholfligas, 'n string sewestoernooie, 'n orkes musikale optredes, 'n rits tenniswedstryde, 'n reeks hokkietoernooie, 'n wavrag toneel- en dramaoptredes, 'n berg landloopbyeenkomste, 'n bord vol skaakligas, 'n arsenaal redenaars- en debatfinale, 'n voorbereidende eksamen, 'n atletiekbyeenkoms of drie én selfs 'n swemgala gevul!

Dit laat 'n mens wonder hoe die Parkies hierdie pas vir 21 000 sekondes volhou. Die antwoord vind jy net hier op Menlo-bodem.

Uit die musieksentrum leer ons die belangrikheid van ritme en rus. "Stamina en toewyding," vertel die sportafrigters, is die sleutels tot sukses. Die skaakspelers eggo die belangrikheid van fokus en die akteurs vertel dat dit soms goed is om 'n myl in 'n ander se skoene te stap. "Maak tyd vir jou medemens," sê die Omgeekomitee – "dit gee perspektief".

Op die kruin van die kwartaal is die lente én Menlo-kultuur met die Menlofees gevier – 'n lekkerte wat vandeesweek 'n hoogtepunt in die AfriForum Teater bereik het. Daar is tyd gegun om bene te rek en moed vir die jaar se pylvak te skep.

Nou, 53 skooldae later, het die tyd aangestap en die Oktobervakansie wink. Ons kyk effe uitasem, maar met dankbare harte terug op 'n suksesvolle en bedrywige kwartaal. Tussen golwe van deelname, spanwerk en samewerking is daar een ding wat soos 'n paal bo water staan:

Elke Parkie het sy/haar bes gedoen deur die geleenthede wat in 350 uur versteek is met albei hande aan te gryp.

Wat meer kan enigiemand vra?

Baie dankie vir elke ekstra myl!






## DAGBOEK

**30/9**
**Lentedag - Skool sluit: 11:00**
Ekhuruleni Ope (Reading)
Tennis: Wilsonskild-seunstoernooi (Sun City)

**1/10**
Atletiek: Die Punt Top (Mosselbaai)
SA Skolekampioenskap (Noordwes)
Fietsry: XCO-hoërskolefinaal (Bekker)
Landloop: AGN-skole (Prysuitdeling)

**3/10**
Gholf: GNGU (Woodhill)

**7/10**
Gholf: Silver Salver (Irene)
Muurbal: TUKS Interskole-uitdaging

## MENLO MA'S WAT OMGEE

**Psalm 119:65-66**

"U het aan my goed gedoen, Here, soos U beloof het. Gee my goeie insig en kennis, want ek stel my vertroue in u gebooie."










# GEES

## Matrieks rock in hul rokke!

Die sanger, Brandon October, sê dat hy in sy taal *rock*, maar op Menlo-bodem *rock* ons in ons rokke! Die modekollig skuif op 11 Oktober van New York en Milaan na Menlo wanneer die matrieks hulle matriekafskeidsrokke op die loopplank sal vertoon.

Die Rok-show bied 'n kitskykie na die matriekafskeid en dien as 'n belangrike modevoorspeller – 'n absolute moet vir elkeen wat sy/haar beste modevoet wil voorsit. Die gehoor word vanjaar verder bederf wanneer die graad 10's tydens die voorvertoning met hulle graad 10-balrokkies sal spog.

Kaartjies vir die Rok-show is op die volgende datums by die skool beskikbaar: 30 September en 11 Oktober (gedurende die dag én by die deure).

Klim in Coco, Donatella, Anna en Victoria se skoene vir 'n plek by die modevertoning van die jaar – en dit boonop in die Menlo-modehoofstad!

# OMGEE

## Parkies gee hulle harte

Menloparkers maak een maal per jaar hulle harte leeg om minderbevoorregtes te help en alle bydraes, groot en klein, maak ’n verskil.

Die begunstigdes van vanjaar se Omgeeweek is organisasies wat hulle vir die welsyn van kwesbares beywer en verteenwoordigers van hierdie organisasies het die skool vandeesweek besoek om die bydraes in ontvangs te neem. Die verteenwoordigers van die verskillende organisasies het tydens opening meer oor hulle werksaamhede gedeel, terwyl die Parkies aandagtig geluister het.

Die skool bedank graag die matriekraad en mnr. Gabré Nel (omgeekomitee: koördineerder) vir hulle reëlings. Me. Michelle Scholtz en haar gesoute span het die gaste met heerlike happies welkom geheet – baie dankie!

Dit is voorwaar ’n voorreg om te kan gee. Volgende jaar maak ons weer so!








# LEIERSKAP

## BL-verteenwoordigers bekend



Die woord, demokrasie, het sy oorsprong uit Grieks en dit beteken “regering deur die mense”. Die Parkies het gestem en die *mense* wat die leerders se belange vanjaar aan die beheerliggaam sal oordra, is Sheliza de Wet, Dannhauser van der Merwe en Barbara du Toit.

Na bykans vier jaar op die skoolbanke is hierdie trio goed vertroud met die behoeftes van leerders en daar bestaan geen twyfel nie dat hierdie gedugte driemanskap hulle deel sal doen om die Parkie-demokrasie te bevorder.

# AKADEMIE

## Het jy die halssnoer gesien?

Dit is die tergende vraag wat die Fransleerders op 16 September by vanjaar se derde Franse-aand moes oplos. Die leerders het hulle lywe Arsène Lupin gehou en in ’n skattejag op Menlo-bodem na die gesogte juwele gesoek. Voor die soektog afgeskop het, is die leerders touwys gemaak in die fynere kunsies van diefstal à la Lupin: Daar is geleer hoe om instruksies te gee en aan ’n veiling deel te neem – en dit boonop in Frans! Dit is glad nie ’n maklike taak om vir ’n aand in ’n dief se skoene te stap nie en daarom was die versnapering van *gauffres* (Belgiese wafels) en Nutella by die halfweghuis absolut noodsaaklik!

Die graad 11-Fransleerders en me. Mia-Louise Nel het hulleself uitstekend van hulle taak – om ’n genotvolle aand te reël – gekwyt. *Merci Gr 11’s Frenchies!* Julle is *magnifique*!





# DRAMA

## Menlo-Maskerfees steel die kollig

Ken jy vir Frank en Juffrou Stein? Wat van Auntie Sosiaal?

Teatergangers wat die Menlo-Maskerfees vandeesweek in die Atterbury Teater bygewoon het, is dit eens dat óns akteurs hulle storie ken.

Menlo se hoogaangeskrewe drama-akademie het met hierdie fees weereens bewys dat veelsydigheid, talent en verbeelding volop op Menlo-bodem is en dat die hulp van souffleurs oorbodig is.

Dit was 'n belewenis om die leerders se transformasie van die skoolbanke tot die planke te aanskou en om die karakters een vir een te ontmasker. Met die puik ondersteuning van die tegniese span was die danse en tonele 'n lus vir die oog en uitstekende oefening vir die lagspiere.

Die Maskerfees – 'n meesterlike produksie – was 'n spanpoging tussen die dansers, akteurs, regisseurs, tegnici en bestuurspan.

Baie dankie aan al die medewerkers wat 'n reusebydrae tot die sukses van die Menlo-Maskerfees gelewer het.

Me. Roché van Blerk, me. Elana Heyns en die drama- en kultuurspan verdien 'n pluimpie vir hulle insette en so ook die gehoor wat die reis na ontmaskering meegemaak het.

Bravo, Menlo-drama!









# KOSHUIS

## Ken jy die hart van Menlo?

*Ken jy oom Phillip se sokkie, sokkie, sokkie, boeredans? Ken jy die Menlo-pad se uitdraai na koshuisdans?*

Natuurlik ken die Parkies dit, want Donderdae in die koshuis is sinoniem met hope pret! Daaglikse studiesessies is deel van die koshuisleerders se akademiese sukses, maar die trivia-aande wat weekliks op 'n Donderdagaand na studietyd gehou word, verseker dat koshuisleerders se kennis veel wyer as boekekennis strek.

Die kwartaal stap einde se kant toe en die senior koshuisleerders het na afloop van Donderdagaand se studie- en triviasessie besluit om in te gryp, want kennis help niks as jy nie kan sokkie nie! Baie dankie aan die koshuis se sosiale komitee vir hulle inisiatief, want sokkielesse is immers 'n belegging in die toekoms!






# Menlovariawennerskonsert: ontploffing van talent

Die eerste tekens was subtiel... gedemp: 'n Harmonie wat pouse geneurie word, 'n voet wat saggies op die maat van Wiskunde stamp en sketse van suikerhuisies wat onder die tafels, weg van wakende onnie-oë, gesirkuleer word.

Ofskoon niemand onraad vermoed het nie, was dit teen 3 September duidelik: Daar is 'n kulturele revolusie op Menlo-bodem aan't broei en die talentvloed is onstuitbaar.

Die prop is vandeesweek gelig om 'n bruisende fontein van deelname en entoesiasme in die Afri-Forum Teater los te laat. Dit is hier waar talent vrye teuels het om die oë te betower, die ore te bekoor en die gehoor te verstom.

Teatergangers is met die intrapslag deur skilder- en tekenkuns verras en toe die gordyn oplaas lig, het die gewig van Menlo-talent die planke laat knars. Genres is geskommel om die gehoor aan die raai te hou, terwyl die kwinkslae van die seremoniemeesters gesorg het dat Menlo-lagspiere enige fiksheidstoets sal slaag.

Baie dankie aan me. Carlien Heckler en haar bekwame span vir 'n verskeidenheidskonsert met verskeidenheid. Daar was nie 'n enkele lid van die gehoor wat nie deur die kaleidoskoop van talent gehipnotiseer is nie. #menlokultuur #menlotrots





# RUGBY

## Menlo-sewes wys tande in super-Bowl-eindstryd

Dit was so hittete of Menlo se sewespanne het met die sewes*bowl* én -beker weggestap, maar 'n Noordvaal-eindstryd is, helaas, nie veronderstel om maklik te wees nie en almal het klippe gekou. Die stryd van die sewes-reuse het ratsrugby uit die boonste rakke opgelewer en dit was duidelik dat al die deelnemers die wennerstrofee in hulle visier gehad het.

Die kragmeting om te bepaal wie die beste o. 15-span noord van die Vaalrivier is, het die senuwees behoorlik uitgemergel – ekstra speeltyd moes ingeruim word om 'n wenner te bepaal en dit is hier, in die doodsnikke van die stryd, dat Hoërskool Monument die oorhand gekry het.

Intussen het die o. 17's sake in die *bowl*-finaal teen Hoërskool Rustenburg uitgespook en dit was die manne van Noordwes wat eindelik die knoop deurgehak het.

Baie geluk aan die Menlo-manne wat met hart en siel, sewe maal sewe, op die veld gedraf het én aan die afrigters vir hulle aandeel in Menlo se welslae.

# FIETSRY



## Menlo-jaers stewig in die saal

Twee wiele, 'n ketting en 'n saal.

Met hierdie toerusting is Menlo se jaers, van die CowHouse tot in Krugersdorp, vir sukses gerat. Voeg entoesiasme hierby en daar is nie 'n spoedgrens wat ons beperk nie.

Menlo se fietsryers neem vanjaar aan die CowHouse-reeks sowel as die CycleLab-reeks deel. Beide hierdie reekse bestaan uit verskillende bene. Die Menlo-span ruik al die hele seisoen lont en dit was, op die vooraand van die vyfde en laaste been van die CycleLab-reeks, tyd om na 'n hoër rat oor te skakel indien ons die trofee huis toe wou bring.

Voorbrand is tydens vierkantopening en in die klas gemaak en almal met 'n fiets is uitgedaag en uitgenooi om punte vir Menlo te verdien. Alhoewel die skool van trots bars oor die puik prestasies van ons voorste jaers, verdien die, wel, sosiale deelnemers, 'n pluimpie vir hulle bereidwilligheid om die wa deur die drif te trek. Die resultaat hiervan is 'n oortuigende Menlo-oorwinning in die vyfde been van die reeks.

Baie dankie aan elke fietsryer wat die wiele verlede naweek vir Menlo gepomp het en baie geluk aan die spoedsterre wat plekke onder die top-15 behaal het. Me. Gerda Richards, me. Simoné Labuschagne en mnr. Rikus Botha verdien 'n veer in die hoed vir hulle aandeel in Menlo se sukses. Welgedaan!

### Top-15: CowHouse

Josh van der Merwe (1), Isabella Strydom (7), Nina Louw (8), Wilhelm de Jager (9), Marlene Kruger (11), Pieter Kriek (12) en Reghardt van Biljon (13).

### Top-15: Krugersdorp

Josh van der Merwe (2), Lané van Wyk (kaptein) (2), Arielle Behr (5), Jeanri Richter (11), Johann Roelofse (14), Ruben van Biljon (15) en Reghardt v Biljon (15).

# KRIEKET

## Menlo speel kookwater krieket

Baie geluk aan Menlo se krieketspelers wat die wilgerlat vandeesweek ingelê het om die opponente te troef. Let gerus op Keano van Niekerk, Ruan Segaar, Jan Serfontein en Aiden Smith se kolfvertonings, maar dit is Matt van der Westhuizen wat die kollig met 'n driekuns (4/8) gesteel het. Baie geluk!

Baie dankie aan Menlo se puik afrigterskorps vir hulle bydraes. #menlokrieketkook







### Menlopark 5de XI vs. Waterkloof 5de XI

| | |
|---|---|
| Menlo | 226/4 (Keano van Niekerk 77, Ruan Segaar 74*) |
| Waterkloof | 145/5 (Heinrich Muller 1/17) |

Menlo wen met 81 lopies.

### Menlopark o. 15B vs. Zwartkop o. 15B

| | |
|---|---|
| Menlo | 185/5 (Jan Serfontein 49, Aiden Smit 49) |
| Zwartkop | 76 almal uit |

Menlo wen met 109 lopies.

### Menlopark o. 14B vs. Garsfontein o. 14B

| | |
|---|---|
| Garsfontein | 132/8 (Marco Nel 4/20) |
| Menlo | 123 almal uit (Marco Nel 21*) |

Garsfontein wen met 9 lopies.

### Menlopark o. 14B vs. Affies o. 14B

| | |
|---|---|
| Menlo | 145/6 (Jan-Hendrik Swanepoel 60*, Emil Groenewald 38) |
| Affies | 146/5 (Handru van Niekerk 2/31) |

Affies wen met 5 paaltjies.

### Menlopark o. 15A vs. Centurion o. 15A

| | |
|---|---|
| Centurion | 19 almal uit (Tiaan Serfontein 6/11, Matt van der Westhuizen 4/8) |
| Menlo | 20/0 (Dian van Zyl 8*, Henré St Arnaud 9*) |

Menlo wen met 10 paaltjies.









# TENNIS







## Menlo vs. Groen-en-goud: Ons harte is blou!

Wanneer die tennisghoeroes in Gauteng koppe bymekaar sit om te besluit wie waardige opponente vir die SA skolespan is, kan jy maar weet: Dit is net 'n kwessie van tyd voordat hulle na die Menlo-bodem draai.

Dit is presies wat vandeesweek gebeur het, want Karina Pont en Valentino Ceronio is gekies om die SA skolespan in Gauteng-kleure die stryd aan te sê. Menlo-tennis wens hulle sterkte vir die stryd toe!

Intussen het die o. 15-dogterspan gewys van watter stoffasie hulle gemaak is deur die vyfde plek by AHMP se prestige toernooi in te palm.

Knap gedaan aan me. Elné Coertzen, mnr. Hendrik Coertzen en die span: Kaitlin Meyer, Megan Fourie, Karina Pont, Melissa Meyer en Kayla van der Westhuizen.


# ATLETIEK


## Vroeë voorsprong vir Menlo-atlete


Wanneer die rooi lig vir die 2023-atletiekseisoen na groen verander, sal dit die Parkies wees wat die P1-posisie inneem. Na die eerste kwalifiseringsronde, ook bekend as die TUT Top 12-byeenkoms, is Menlo se atletiekenjin opgewarm en gereed vir die jaar se oorblywende byeenkomste.

Die Menlo-masjien – 'n kombinasie van kragreuse, hemelbesems, langasems, veerkragtiges en spoedvrate – het hulle staal in drie afdelings by die TUT-byeenkoms gewys en die uitslae is soos volg:

| | |
|---|---|
| **Seunsafdeling** | Menlo behaal die tweede plek. |
| **Dogtersafdeling** | Menlo behaal die eerste plek. |
| **Spanafdeling (algeheel)** | Menlo word deur die geruite vlag verwelkom! |





















# MUURBAL




# KUNS







# ALGEMEEN

## Pos jou Menlo-strokie



'n Mens het nie 'n seël of internetverbinding nodig om jou strokie by Menlopark SPAR te pos nie. Menlopark SPAR ondersteun die skool deur 'n persentasie van die aankope deur Menlo-mense aan die skool terug te betaal. Maak dus seker dat jy jou strokie in die Menlo-bus voor in Menlopark SPAR plaas. Die skool bedank graag die SPAR vir hulle bereidwilligheid om te help en vir hulle ondersteuning.

## My skool is Menlo

Met 'n MySchool-kaart in u beursie help u om fondse vir die skool in te samel sonder om 'n vinger te lig. Het u geweet dat die skool maandeliks 'n MySchool-terugbetaling ontvang indien kaarthouers hulle kaarte swaai wanneer hulle inkopies by sekere handelaars doen?

Die skool rig graag 'n versoek aan alle ouers om aan hierdie projek deel te neem om fondse vir die skool te genereer.

Het u nog nie 'n MySchool-kaart nie?
Volg asseblief die **skakel**.




Het u reeds 'n MySchool-kaart, maar is dit nie aan Menlo gekoppel nie?
Volg asseblief die **skakel** om die begunstigde op u kaart te verander.

Die skool bedank elke ouer vir sy/haar moeite met die MySchool-projek en ons sien daarna uit om oor die dividende te berig.

#myplekismenlo #myskoolismenlo

Ondersteun asseblief een of albei van hierdie inisiatiewe en wees deel van die verskil.

# Jou bydrae maak 'n groot impak!

## School-Days

### Doen jou inkopies en ondersteun die Menlobond Menlofonds.

**GEEN KAART. GEEN KOSTE.**

'n Gedeelte van elke transaksie word aan die Menlobond Menlofonds geskenk.

*Dis hoe dit werk:*

1. Laai die **School-Days** 'mobile app' af
2. Selekteer DIE HOËRSKOOL MENLOPARK as u begunstigde
3. Voltooi u profiel
4. Doen u aankope soos voorheen

**ONS INKOPIE-VENNOTE:**

NetFlorist, Dis-Chem, UCOUNT Rewards, Booking.com, The Harvest Table, dorKk, King Price Insurance, baby city, Jet, The Dog Food App, CarLicence

## my life

### Geskenkbewyse ter waarde van R10 000 vir slegs R200 se subskripsie!

**Geniet al die ongelooflike afslagaanbiedinge wat spesiaal vir die Menlobond-subskripsie uitgesoek is!**

Vir elke subskripsie word 'n gedeelte daarvan aan die Menlobond Menlofonds geskenk.

*Dis hoe dit werk:*

1. Laai die **MyLife** 'mobile app' af of skandeer hierdie QR-kode
2. Selekteer die MENLOBOND subskripsie
3. Geniet al die geskenkbewyse!

scan my!

**'N PAAR VAN ONS VENNOTE:**

(Laai die 'app' af en sien die hele pakkie!)

Bean Juice, Aroma, Buffelsfontein, Tupperware, Piza e Vino

MENLOBOND
MENLOFONDS

# MARKPLEIN







Lorraine: 084 910 8428 | Hello@bang-vir-bak.co.za | www.bang-vir-bak.co.za

## beskuit:



| | |
|---|---|
| BRAN EN MUESLI | – R90/KG |
| BUTTERMILK. | – R65/500G |
| MANGOS | – R90/500G |
| | – R180/KG |

fondse gaan vir my koor toer in 2023!

Kontak Nina van Eeden:
WhatsApp-0765459549

## INGE'S
FRESH PASTA



Price List

**500g PASTA (VEGAN)**
Spaghetti / Penne / Linguine - R50
Fettuccine - R70

**500g GLUTEN FREE PASTA (VEGAN)**
Spaghetti / Penne / Linguine - R70
Fettuccine - R90

**500g EGG PASTA**
Spaghetti / Penne / Linguine - R70
Fettuccine - R90

*We use buckwheat flour for our Gluten Free Pasta*

**ORDER BY WEDNESDAY 2PM FOR DELIVERY ON FRIDAY**

**INGE - 071 840 5149**


AUPAIR MAGALIESKRUIN
• Oktober tot Desember (Shadow)
• Januarie (voltyds)
• Maandag tot Vrydag
• Werksure 06:00 tot 15:00 elke dag
Vereistes:
• Geldige bestuurslisensie
• Eie vervoer
• Nie roker
• Stiptelikheid
• Toegewydheid
• Geduldig
• Hulpvaardig
• Netjies
• Sportief
• Positief
• Sober gewoontes
VERGOEDING SAL BESPREEK WORD
ONDERVINDING OF BELANGSTELLING IN ARBEIDS-, FISIO- EN SPRAAKTERAPIE SAL 'N VOORDEEL WEES.
CV's kan gestuur word na jdtgmmm@gmail.com


Capsicum
CULINARY STUDIO
Hey Future Chefs!
see you at our
OPEN DAY
1 October 2022
134 Aramist Avenue, Menlyn Square, Pretoria, 0181


CAPITAL
RADIOLOGY
OCTOBER IS BREAST CANCER AWARENESS MONTH.
Mammography department
Bookings: 012 762 1700
www.capitalradiology.co.za
Life Groenkloof Hospital
Early detection saves lives.


BusinessPrint is a state-of-the-art printing company founded on honest hard work, excellence and love for print. Situated in Silverton, Pretoria, we specialize in the printing and finishing of packaging products and commercial materials.
Contact Details
318 Derdepoort Road, Silverton, Pretoria 0184
086 142 4259
012 843 7600
hello@businessprint.co.za
www.businessprint.co.za
BusinessPrint
meeting expectations


Baked by Nataleen
064 653 6218
sales@bakedbynataleen
www.bakedbynataleen.co.za